- [Tuisblad]
- [Rubrieke]
  - [Bybelkarakters]
  - [Gebede]
  - [Soos ek dit sien]
  - [Lees die Bybel saam met my]
  - [Kortverhale]
  - [Wag op die Here!]
- [Preke]
  - [Video's en teks van my preke]
  - [Potgooi van die preke]
- [Meer oor …]
  - [Jaco se Bybelkoerant]
  - [Die Bybelkoerant-konsep]
  - [Jaco Thom]
  - [My boeke]
  - [Privaatheidsbeleid]
  - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting]
  - [Bankbesonderhede]
- [Boekwinkel]
- Soek


# Hoofstuk van die dag: Lukas 6

> *Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God. (vers 20)*

Jy sal aanvoel dat dit nie hier bloot gaan om ryk en arm nie. Alle arm mense gaan beslis nie reguit hemel toe nie. En nie alle ryk mense se plek is klaar bespreek in die hel nie. Want dan moes ryk manne soos Abraham en Job ook in die hel beland

het.
Nee. Dit gaan hier om ’n selfgenoegsame ingesteldheid wat baie makliker by ryk en welvarende mense posvat as by arm mense; ’n ingesteldheid van: “Ek is my eie baas en doen my eie ding.” Want die sekuriteit wat materiële dinge bied, verweer maklik ons afhanklikheid van God en ons deernis met mekaar.
Die moeilike tye wat ons beleef, is daarom nie ’n ongekwalifiseerde ramp nie. Miskien het dit in die ou Suid-Afrika té goed met ons gegaan, sodat ons ons afhanklikheid van God, en ons deernis met ander, iewers langs die pad verloor het. Miskien leer die nuwe werklikhede van ons land – die werkloosheid en onsekerheid en misdaad – ons weer wat dit beteken om nie op jouself en jou vernuf en besittings te vertrou nie, maar op te kyk na God in die hemel.

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026